

Die jeug van Suid-Afrika ken die volksmoeder swak. Dit is nodig om haar weg te bepeins, haar lyde, haar beproeing, maar ook haar geloof. Sy is die skoonste ideaal op die weg van nasieskap. Die jeug moet help om die nasieskap te bestendig. Dit kan alleen gedoen word as die besef van offervaardigheid op die voorgrond staan: vasgekoppel aan die offers wat sy op die Pad van Suid-Afrika gebring het. Haar weg was die weg van geregtigheid en koersvastheid. Sy het nie toegeelaat dat een onder haar gelede die pad van verraad opgegaan het nie. Sover vasgestel kan word, het nie een van hulle die dolksteek van agter in die duisternis om persoonlike welvaart en weelde toege dien nie. Haar naam staan in die annale opgeteken as iemand wat suwer gestrewe en gebid het. Sy is die draagster van die Afrikaanse gedagte en die Afrikanervolk. Dit was haar eer en haar voorreg om haar kinders vry te sien in die sonnige land waar hulle nou woon.

Ons grootste taak moet wees om by die jeug in te skerp dat geen ander volksgedagte as dié van die Afrikanerideaal soos die volksmoeder op die sterfpad uitgeleef het, in hierdie land 'n permanente voortbestaan het nie. Geen knegskap van die verlede, geen dwinglandy van die oormag kon die vryheidsideaal van 'n onafhanklike volk in die hart van die Vrou op die volkspad uitdoof nie. Die Afrikaanse volksgedagte, die Afrikanerideale sal enige ander gedagte in hierdie land oorleef, oorskadu, oorweldig en doodgroei, solank daar 'n Vrou van Suid-Afrika leef, want haar geloof het haar volk gered.

## FLITSE

deur

DR. J. J. VAN TONDER,

*Inspekteur van Onderwys, Johannesburg.*

*Getalle praat 'n taal.*

**O**NDERSTAANDE getalle is van die Onderwysdepartemente van die betrokke provinsies verkry:

Kandidate.	St. 10	Kandidate wat geskiedenis as eksamenvak aangebied het.	
<i>Kaapland:</i>			
1953	5,131	3,395	66.1%
1954	5,303	3,557	67.0%
1955	5,523	3,554	64.3%

*Oranje-Vrystaat:*

1953	1,136	851	74.8%
1954	1,253	884	70.5%
1955	1,375	930	67.6%

*Natal: (net blanke kandidate)*

1953	733	347	47.3%
1954	757	361	47.7%
1955	900	390	43.3%

*Transvaal:*

1953	3,666	2,332	63.6%
1954	3,998	2,450	61.2%
1955	4,629	2,629	56.7%

*Suidwes:*

1953	111	77	69.3%
1954	150	98	65.3%

Die volgende tabel toon o.a. dat daar in Transvaal veral in 1955 'n groot verbetering in die belangstelling vir geskiedenis as skoolvak, op te merk is. Die kongres op Boksburg in September 1954, het seker die oë laat oopgaan. Dit sal interessant wees om te sien hoeveel leerlinge in 1956 in st. 7 geskiedenis as vak neem, veral nadat twee onderwyserskonferensies in 1955 aanbeveel het dat geskiedenis tot st. 10 as 'n verpligte eksamenvak ingevoer behoort te word.

St.	Junie 1953		Junie 1954		Junie 1955	
	Totaal Leerl.	Neem Geskiedenis	Totaal Leerl.	Neem Geskiedenis	Totaal Leerl.	Neem Geskiedenis
7	18,419	12,672—68.8%	19,543	13,637—69.8%	20,257	14,971—73.4%
8	12,319	8,029—65.2%	13,106	8,762—66.8%	14,041	9,642—68.8%

\* \* \* \* \*

*Geskiedenis 'n verpligte skoolvak tot st. 10*

**D**IE T.O.-kongres wat in April 1955 gehou is, het besluit om by die Transvaalse Onderwysdepartement aan te beveel dat geskiedenis as 'n eksamenvak tot by st. 10 verpligtend behoort gemaak te word.

Die Oktober-kongres van die Hoërskool-onderwysersvereniging het 'n dergelike besluit vir verdere oorweging na hulle Hoofbestuur verwys.

\* \* \* \* \*

*Geskiedenis 'n verpligte skoolvak tot st. 8 voorgestel.*

**D**IE driemanskap wat die Transvaalse Provinciale Owerheid verlede jaar na die buiteland gestuur het om onderwyssake en veral gedifferentieerde onderwys te bestudeer, het in hul amptelike verslag o.a. aan-

beveel dat geskiedenis een van die skoolvakke behoort te wees wat alle leerlinge in alle skole tot st. 8 behoort te neem.

Hier volg 'n aanhaling uit die Kommissie se verslag tesame met die voorgestelde vakke wat toon hoe geskiedenis in daardie raamwerk inpas.

„*Kernvakke*: Vir sy beskerming, voortbestaan en vooruitgang is die minimum vereistes wat die gemeenskap aan sy toekomstige burgers stel:

“Those learnings expected of all individuals in a democratic society in order that the fundamental commitments of the nation may be met.”

„Veral in Suid-Afrika is die blanke afhanklik van die verwerwing van 'n hoë peil van hierdie fundamentele kennis, vaardigheid en geshiedhede om homself en sy beskawing te handhaaf en moet die kursus van die eerste drie jaar van middelbare onderwys in die vorm van verpligte of kernvakke voorsiening maak vir hierdie essensiële kern van kennis, vaardigheid, religieuze vorming en sosiale aanpassing.”

*Voorgestelde leerplan vir st. 8 (7):*

**D**IE getal lesperiodes van 35 minute elk per week word tussen hakies gegee.

*Verpligte vakke*: Godsdiensonderrig (2); Moedertaal (5); Tweede Taal (5); Geskiedenis (3); Algemene Wetenskap (4); Bedryfskennis/ Huisvlyt (2); Liggaamsopvoeding (1); Musiek en (of) musiekwaardering (1); Kuns en (of) Kunswaardering (1); Voorligting (1); Bantoe-kunde (1).

*Keusevakke*: Derde Taal, Algemene Wiskunde, Aardrykskunde, Boekhou, Tikskrif, Snelskrif en (of) Shorthand, Gesondheidsleer vir meisies, Landbou, Klubwerk, enige ander vak deur die Inspekteur van Onderwys goedgekeur. (Bladsy 136 van afgerolde rapport).

\* \* \* \* \*

*The Historical Association celebrates its fiftieth Anniversary.*

„**I**N 1923 it was pointed out in a Board of Education Report that the previous quarter of a century had seen greater progress in the teaching of history than had taken place during all the rest of the hundred years since Dr. Arnold had inaugurated the teaching of modern history in schools. Amongst the factors which had contributed to this remarkable advance, the Report mentioned the work that had been done by the Historical Association in developing historical study, stimulating the teaching of the subject, and awakening the interest of the general public . . . A meeting was summoned by circular letter and at University College, London on May 19th, 1906 that meeting „resolved itself into the Historical Association”, a constitution being established at the end of the following month . . . In this way the main activities

of the Association took their rise, and the main Committees came into being. The initial impulse might often come from branches or from single members of the body; for this is an organisation in which much individuality is displayed. There was always an earnest attempt to keep pace with the times — in 1910, for example, the Council was considering how to secure „phono-graphic records of the speeches and voices of eminent men.” From 1913 the Illustrations Committee was building up a large collection of lantern slides. From 1923 the Association was interesting itself in films; in 1924 History published a rough experimental scenario for a historical film; in 1929 History was calling attention to the significance of aerial views of castles and monasteries. In 1928-1929 a new Committee on Broadcasting began an enquiry into the effects of the radio on the study of history in schools. In 1934 the first Tour was undertaken . . . The Committees which deal with Publications, Illustrations, Propaganda, Examinations, Broadcasting, Revision Courses and Tours, as well as the International Committee, are still active . . . But new projects constantly appear, and in 1945 the Teaching of History Committee was created to examine such matters as the training of teachers, the improvement of training methods and the revision of syllabuses . . . ” (History Today, January 1956, page 63).

\* \* \* \* \*

“History in school is still occupying the attention of T.O. members. A correspondent expresses regret that teachers are not doing more to get their pupils to take a real interest in Kruger Day and the Day of the Covenant. He also finds it inexplicable that in Stds. 7-10 in the Transvaal, there are fifteen thousand pupils who are *NOT* learning history.

“Perhaps they are just taking the advice once given by a T.T.A. president that history in S.A. should be dropped for 25 years!” (The Transvaal Educational News. January 1956.)

\* \* \* \* \*

Hier volg 'n aanduiding van die vakkeuse van 'n paar groot hoërskole in Johannesburg waar geskiedenis 'n verpligte vak is tot by st. 10.

- (a) English; Afrikaans; History; Biology or Physical Science; Mathematics or Domestic Science or Art.; Latin or French or Geography or Art.

(Waverley Girls' High School).

- (b) (1) Afrikaans; (2) Engels; (3) Geskiedenis is verpligtend. (4) Duits of Latyn of Boekhou of Biologie; (5) Houtwerk of Huishoudkunde of Biologie; (6) Wetenskap of Handel of Tik; (7) Matesis of Aardrykskunde of Snelskrif.

(Fakkeld-Hoërskool).